Om diere volgens kenmerke te klassifisseer*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 NATUURWETENSKAPPE

2 Ekosisteem en omgewingsbalans

3 OPVOEDERS AFDELING

4 Memorandum

Opdrag 4:
Visse - skubbe (slymerig)
Soogdiere - hare
Voëls - vere
Reptiele - horingagtige skubbe
Amfibieë - naakte vel

VISSE	AMFIBIEË	REPTIELE	**VO Ë LS**	SOOGDIERE
Vis	BoompaddaBrulpadda	KrokodilAkkedis	MossieDuif	MiervreterOlifantBok (Kameelperd)Streepmuis

Table 1

Opdrag 5:
Al vyf groepe, nl. visse, amfibieë, reptiele, voëls en soogdiere, moet geïllustreer word.

5 LEERDER AFDELING

6 Inhoud

6.1 AKTIWITEIT: Om diere volgens kenmerke te klassifisseer [LU 2.2]

Diere met ‘n **ruggraat** of **werwelkolom** en ‘n **inwendige geraamte** (endoskelet) word in een groep geplaas en diere **sonder** ‘n **ruggraat** of **werwelkolom** word in ‘n ander groep geplaas. Die groep met ‘n werwelkolom word **gewerwelde diere** of **Vertebrata** genoem. Die groep sonder ‘n werwelkolom of ruggraat

*Version 1.1: Mar 17, 2009 7:58 am +0000
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

word die **ongewerwelde diere** of **Invertebrata** genoem. Sommige van die Invertebrata se liggame word deur ‘n harde dop buite-om beskerm, bv. die krap of die sprinkaan. Hierdie harde dop word die **uitwendige geraamte** of ‘n **eksoskelet** genoem.

Die onderstaande diagram toon aan hoe diere volgens bepaalde kenmerke ingedeel word:



Figure 1

‘n Interessante vraag: Swamme is nie as deel van die plante of diere aangetoon nie. Probeer uitvind waar hulle hoort.

Opdrag 4:

Bestudeer die volgende sketse en groepeer die diere na aanleiding van die voorafgaande diagram.



Figure 2

VISSE				

continued on next page

_____	_____	_____	_____	_____

Table 2

KRITERIA	**JA/NEE**
Kon diere maklik klassifiseer	_____
Het meeste diere korrek geklassifiseer	_____
Benodig meer oefening in klassifikasie	_____

Table 3

(i) Kriteria vir sortering van Vertebrate

Werweldiere kan na aanleiding van hul tipe liggaamsbedekking gesorteer word.

Opdrag 5:

Raadpleeg weer die diagram en stel die onderskeie werweldiere met hul spesifieke liggaamsbedekking diagrammaties voor. Wees kreatief en gebruik illustrasies, asook woorde.

7 ASSESSERING

Leeruitkomste 2:Die leerders ken, interpreteer en pas wetenskaplike, tegnologiese en omgewingskennis toe.

Assesseringstandaard 2.2: Dit is duidelik wanneer die leerder inligting kategoriseer